

Blou vir die bedsprei



**Vir fyn smaak kies
jy net een kleur,
vir eenvoud knip
jy vierkante uit
materiaal en vir
spoed stik jy hulle
aanmekaar**

deur HENRIETTE LOUW

VIR 'n laslappiebedsprei moet die materiaal duursaam en wasbaar wees en die verskillende stukke moet verkieslik almal van dieselfde dikte wees, sodat sommige lappies nie miskien lank voor die ander begin slyt nie.

Hierdie bedsprei is ongeveer 2,3 x 2,3 m groot. Katoenkleedstof is in vierkante van 10 cm geknip en oorhoeks aanmekaargeheg om diamantmotiewe te vorm en die diamante word dan weer in stroke van effe kleur en bedrukte stof gerangskik wat vanaf die middel van die bedsprei uitstraal.

Daar is 20 van dié stroke vanaf die middel tot by die buitenste rand en soms, soos ons ontwerp toon, het ons die kleure vlootblou, hemelsblou en room meer as een keer gebruik. Net een soort materiaal is gebruik.

Dieselfde patroon kan natuurlik ook aangewend word om enige ander reslappies te

benut, maar om dit vir jou maklik te maak, het ons die aantal lappies wat ons in een vierkant gebruik het, gemerk (met 'n gids vir die hoeveelheid wat vir materiaal van 90 cm wyd rodig is).

Knip elke stuk materiaal (reglynig) in die nodige aantal vierkantjies van 10 cm, soos op diagram aangedui. Rangskik elke groep (A, B, C, ensovoort) onderskeidelik in 'n netjiese houpie. Merk elke houpie met die letter en speld die etiket aan die boonste lappie vas.

Stik die lappies volgens die afbeelding en diagram aanmekaar en begin by 'n hoek van die bedsprei. Plaas die lappies met regte kante opmekaar, speld vas en stik 9 mm van die kante af.

Heg al die lappies in rye aanmekaar en stik dan elke voltooid ry aan die vorige voltooid ry vas. Heg twee ekstra lappies by elke ry aan

NA BLADSY 108

Blou vir die bedsprei

VAN BLADSY 81

totdat jy halfpad kom (die ry wat laslappie T bevat) en las dan kwart A by elke kant van hierdie ry om hoeke te vorm. Verminder elke ry nou met twee lappies tot by die verste hoek.

Wanneer die bedsprei voltooi is, pars al die nate plat. Knip 'n voering so groot soos die bedsprei uit ligte stof en stik die twee aanmekaar vas.

Hoeveel laslappies?

A — randstrook, vlootblou met wit kolletjies (1,4 meter): totaal 115 blokkies. Hiervan word 38 oorhoeks middeledeur geknip vir die rand. Knip nog een in oorhoekse kwarte vir die hoeke.

B — Gangangmateriaal, vlootblou (90 cm): 72 blokkies.

C — hemelsblou (90 cm): 68 blokkies.

D — 'n verskeidenheid van bedrukte stof (90 cm): 64 blokkies.

E — roomkleur (80 cm): 60 blokkies.

F — hoofsaaklik gebloem (80 cm): 56 blokkies.

G — hemelsblou (70 cm): 52 blokkies.

H — 'n verskeidenheid van bedrukte stof (70 cm): 48 blokkies.

I — vlootblou (60 cm): 44 blokkies.

J — blou geruite stof (60 cm): 40 blokkies.

K — roomkleur (50 cm): 36 blokkies.

L — 'n verskeidenheid van bedrukte stof (50 cm): 32 blokkies.

M — hemelsblou (50 cm): 28 blokkies.

N — turkoois bedrukte stof (40 cm): 24 blokkies.

O — vlootblou (40 cm): 20 blokkies.

P — geruit en gebloem (30 cm): 16 blokkies.

Q — roomkleur (30 cm): 12 blokkies.

R — vlootblou yl gebloem (20 cm): 8 blokkies.

S — hemelsblou (20 cm): 4 blokkies.

T — middel (reslappie): 1 blokkie.



Afbeelding wat 'n kwart van die bedsprei toon.

T = middelste blokkie.

Hoek: Stik die eerste laslappie A aan een kwart A en twee halwe A's vas.

Tweede ry: Stik A-B-A met 'n halwe A aan elke kant aan die hoek vas.


Derde ry: Stik A-B-C-B-A met 'n halwe A aan elke kant aanmekaar vas. Stik hierdie ry aan die tweede ry vas.



STIHL® FS 80

Die klein en nuttige ruigtesnyer vir gras, onkruid en ruigte.

Opsionele Snyhegstukke:



Polycut

Leeco

STIHL-Rotocut



Ruigtemes



Sirkelsaaglem met krap-tande



☆ Ekonomies

☆ Verstelbare handvatsel

☆ Volledig met dra tuig

STIHL

Handelaars dwarsdeur die land:

NATAL:

Motor & General Supplies Natal (Edms) Bpk.
Durban, Port Shepstone, Pietermaritzburg.
Autorite/Tarry Natal (Edms) Bpk.
Durban

KAAPROVINSIE:

Motor & General Supplies Cape (Edms) Bpk.
Port Elizabeth, Oos-Londen, Bellville, Paarl, George, Uitenhage, Worcester, Stellenbosch, De Aar, Vredendal.

ORANJE-VRYSTAAT:

Motor & General OVS (Edms) Bpk.
Bloemfontein, Welkom, Kimberley.

TRANSVAAL:

Motor & General Supplies (Edms) Bpk.
Johannesburg, Pretoria, Germiston, Benoni, Ermelo, Vereeniging, Klerksdorp, Potgietersrus.

E. W. Tarry & Kie Bpk.
Johannesburg.

Farmac West (Edms) Bpk.
Potchefstroom, Ventersdorp, Lichtenburg, Zeerust.

Farmac East (Edms) Bpk.
Piet Retief, Nelspruit, Sabie, Middelburg.

Aan: Motor & General Supplies Natal (Edms) Bpk.
Posbus 2600, Durban 4000.

Stuur my asseblief inligting oor die STIHL FS 80

NAAM:

ADRES:

KODE
ROOI ROSE 13/1 SA 1